

U Woord is die Waarheid

Johannes 17:17

Bybelse Waarheid Die Lig van God se Woord	Onderwerp	Nuwe Kategismus <i>Kategismus van die Katolieke Kerk</i> (1994)
Sola Scriptura Die Bybel alleen	Basis van Waarheid	Waarheid gebaseer op Skrif, Tradisie en die Pous
<p><i>“... die Skrif nie gebreek kan word nie,” (Joh. 10:35)</i></p> <p><i>“Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.” (Joh. 17:17)</i></p> <p><i>“... dat julle aan ons kan leer om nie te dink bo wat geskrywe is nie, sodat julle nie die een ter wille van die ander opgeblase sou wees teen ’n derde nie.” (1 Kor. 4:6)</i></p> <p><i>“Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as ’n leuenaar openbaar word nie.” (Spr. 30:6)</i></p> <p><i>“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16-17)</i></p> <p><i>“So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.” (Mar. 7:13)</i></p>		<p>Heilige Tradisie en die Heilige Skrif dan, is baie nou aan mekaar verbind en kommunikeer die een met die ander. Par. 80</p> <p>En [Heilige] Tradisie dra in sy geheel die Woord van God oor wat deur Christus die Here en die Heilige Gees aan die apostels toevertrou is. Par. 81</p> <p>Die resultaat is dus dat die [Rooms Katolieke] Kerk ... nie hul sekerheid van alle openbaarde waarhede van die Skrif alleen verkry nie. Beide Skrif en Tradisie moet aanvaar en geëer word met gelyke gevoel van toewyding ontsag. Par. 82</p> <p>Die Pous besit, vanweë sy amp, onfeilbare lerende gesag, wanneer hy as hoogste pastor en leraar van alle getroues ... met ’n beslissende daad proklameer dat ’n doktrine of geloof of etiese moreel as sulks gehandhaaf moet word. Par. 891</p>
Sola Gratia; Sola Fide Redding deur Genade alleen, deur die geloof	Redding deur Genade Alleen	Vir Redding word Genade slegs ’n hulp en dit word deur die Sakramente van die Kerk gegee
<p><i>“... en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.” (Rom. 3:24)</i></p> <p><i>“Want uit genade is julle gered, deur</i></p>		<p>Genade is die hulp wat God gee sodat ons kan reageer op ons roeping om sy aangenome kinders te word. Dit stel ons bekend aan die gemeenskap van Trinitariese lewe.</p>

<p><i>die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.” (Efe. 2:8-9)</i></p> <p><i>“Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.” (Rom. 5:17)</i></p> <p><i>“... nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered ... ;” (Tit. 3:5-6)</i></p> <p><i>“Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.” (Gal. 2:21)</i></p>		<p>Par. 2021</p> <p>Die Kerk bevestig dat die sakramente van die Nuwe Verbond noodsaaklik is vir redding. Sakramentele genade is die genade van die Heilige Gees, gegee deur Christus en en eie aan elke sakrament. Par. 1129</p> <p>Wie begeer om versoening met God en die Kerk te verkry, moet, nadat hy sy gewete sorgvuldig ondersoek het, al die onbelyde growwe sondes wat hy onthou aan 'n priester bely. Par. 1493</p>
<p>Sola Gratia; Sola Fide; Sola Scriptura</p> <p>Geloof is 'n geskenk van God uit die aanhoor van die Woord van God</p>	<p>Geloof word deur God geskenk en onderhou</p>	<p>Geloof kom deur die Moeder Kerk</p>
<p><i>“Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.” (Han. 16:31)</i></p> <p><i>“... omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,” (Fil. 1:29)</i></p> <p><i>“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” (Rom. 10:17)</i></p>		<p>Dit is die Kerk wat eerste glo en sodoende my geloof dra, voed en ondersteun. Par. 168</p> <p>Redding kom alleenlik van God, maar omdat ons die lewe van geloof deur die Kerk ontvang, is sy ons moeder ... Par. 169</p> <p>Om te glo is 'n kerklike aksie. Die Kerk se geloof gaan ons geloof vooraf, wek dit, ondersteun, voed en kweek dit. Die Kerk is die Moeder van alle gelowiges. Niemand kan God as Vader hê sonder om ook die Kerk as Moeder te hê nie. Par. 181</p>

<p align="center">Solo Christo</p> <p align="center">Christus se Offer was Eenmalig en Hy alleen kon dit bring</p>	<p align="center">Christus se Offer is Genoegsaam en Volbring</p>	<p align="center">Christus se Offer gaan voort en is ook van die Kerk</p>
<p><i>“En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.” (Joh. 19:30)</i></p> <p><i>“... maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God” (Heb. 10:11)</i></p> <p><i>“Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdrukkel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,” (Heb. 1:3)</i></p>		<p>In hierdie goddelike offer wat in die Mis gevier word, word dieselfde Christus wat homself eenmaal op bloedige wyse op die altaar van die kruis geoffer het bevat en word hy weer geoffer op bloedlose (onbloedige) wyse. Par. 181</p> <p>Die Eukarist is ook die offer van die [Rooms Katolieke] Kerk. Die Kerk, wat liggaam van Christus is, neem dus deel aan die offering van haar Hoof. Met hom word sy ook in geheel en totaliteit geoffer. Par. 1368</p>
<p align="center">God is die Enige en Allerheilige en die Enigste Bron van Heiligheid</p>	<p align="center">God, die Enige en Allerheilige</p>	<p align="center">Maria is ook die Allerheilige en die Bron van Heiligheid</p>
<p><i>“En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!” (Jes. 6:3)</i></p> <p><i>“Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.” (Ope. 15:4)</i></p> <p><i>“Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie.” (1 Sam. 2:2)</i></p> <p><i>“Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.” (Jes. 42:8)</i></p>		<p>Wanneer ons Maria vra om vir ons te bid, erken ons dat ons swakke sondaars is en wend ons onself tot die “Moeder van Genade” die Allerheilige. Par. 2677</p> <p>Van die [Rooms Katolieke] Kerk leer hy die voorbeeld van heiligheid en herken daarin die model en bron in die Allerheilige Maagd Maria ... Par. 2030</p> <p>Die Vaders van die Oosterse tradisie noem die Moeder van God, die “Allerheilige” (Panagia) en herdenk haar as “vry van enige sondevlek, asof deur die Heilige Gees gemaak en gevorm tot ’n nuwe skepsel.” Par. 493</p>

Jesus Christus is die enigste Middelaar	Een Middelaar	“Maria” is ook Middelaar tot Redding
<p><i>“Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,” (1 Tim. 2:5)</i></p> <p><i>“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.” (Han. 4:12)</i></p>		<p>Opgeneem na die hemel, het sy hierdie reddende amp nie afgelê nie, maar tree steeds menigvuldig in, om vir ons die gawes van ewige saligheid te bring ... Daarom word die Heilige Maagd in die [Rooms Katolieke] Kerk aangeroep onder die titels Advokaat, Helper, Weldoener en Mediator. Par. 969</p>
God haat Afgodery	Afgodery	Die Rooms Katolieke Kerk rasionaliseer Afgodery
<p><i>“Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie;” (Eks. 20:4-5)</i></p> <p><i>“Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe. ... Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele – want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie – sodat julle nie verderflik handel deurdan julle vir julle ’n gesnede beeld, ’n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: ’n afbeelding van man of vrou,” (Deu. 4:13; 15-16)</i></p> <p><i>“My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.” (1 Joh. 5:21)</i></p>		<p>Die Christelike verering van beelde is nie in teenstelling met die eerste gebod wat afgode verbied nie. In werklikheid word die eer wat aan ’n beeld gegee word oorgedra op die prototipe en wie ook al ’n beeld vereer, vereer dus die persoon wat daardeur afgebeeld word. Par. 2132</p> <p>Gebaseer op die misterie van die mensgeworde (vleesgeworde) Woord, het die sewende ekumeniese raad te Nicea (787) die verering van ikone gewettig / regverdig. Van Christus, maar ook van die Moeder van God, die engele en al die heiliges. Deur sy menswording het die Seun van God ’n nuwe “ekonomie” van afbeeldinge ingevoer. Par. 2131</p>

Hierdie Heidense gebruik word in die Bybel verbied	Gemeenskap met die Dooies	Rome beveel hierdie gebruik aan
<p><i>“Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.” (Eks. 20:2-3)</i></p> <p><i>“Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat ’n gees van ’n afgestorwene vra of ’n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.” (Deu. 18:10-11)</i></p> <p><i>“En as ’n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit. Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God.” (Lev. 20:6-7)</i></p>		<p>Gemeenskap met die dooies. Met volle bewustheid van hierdie gemeenskap van die geheel Mistiese Liggaam van Jesus Christus, het die Kerk in sy pelgrimlede, vanaf die vroegste dae van die Christelike geloof, met groot respek die gedagtenis van die dooies vereer. Ons bede vir hulle is in staat nie net om hulle behulpsaam te wees nie, maar ook om hulle intreding vir ons effektief te maak. Par. 958</p> <p>Die getuies wat ons in die koninkryk voorafgegaan het, spesifiek daardie wat deur die Kerk as heiliges erken word, deel in die lewende tradisie van gebed. Hulle intrede is hul mees verhewe diens. Ons kan en behoort hulle te vra om vir ons en die hele wêreld in te tree. Par. 2683</p>

Hierdie dokument is saamgestel deur Richard Bennet, ’n bekeerde Roomse Priester, nou ’n Evangelis wat die evangelie van saligheid deur geloof in Jesus Christus alleen, met vreugde en blydschap verkondig. Sien sy webblad hier: <http://www.bereanbeacon.org/>

In Afrikaans vertaal deur ds. Lou Erasmus (GK Schweiser-Reinecke).